Joernalistiek
# Janus

Nommer 4 | Nuusbrief | November 2005



# Al gehoor van *Crazier*straat?

**Crozierstraat 26 is onlangs gerestoureer -- struktureel was sy amper 'n bouval -- en haar inwoners het in die proses deur diepe waters -- nee, maak dit stof -- gegaan. Maar, soos alle goeie joernaliste, het hulle die slagveld oorleef om die storie te kan vertel.**

'n Tyd lank was daar net 'n stofwolk waar jy veronderstel was om Crozierstraat 26 te vind.

Maar eintlik, om eerlik te wees, was dit meer as ooit *Crazier*straat - soos wat die joernalistiekstudente na hul straat verwys. ('n Beskrywing wat natuurlik van alle waarheid verstoke is, en wat by geen ordentlike bron bevestig kon word nie.)

Nietemin. Die statige ou Eduardiaanse dame het so te sê in haar naakte waarheid gestaan. In die proses om 'n totale *make-over* te kry, moes sy eers met die grootste nederigheid die wêreld in haar *undies* in die oë kyk.

En wat oor 'n wintervakansie sou gebeur, het uiteindelik ietwat langer geduur. Soos wat almal wat al laat bou het, sal weet. In 'n stadium het haar daaglikse gebruikers, letterlik al tandeknersend, die stof was immers *oral*, gehoop die bouersvakansie sal uitkoms bring.


Die restoureerders het ingetrek toe die studente op die laaste dag van die kwartaal uittrek. Ja, letterlik uittrek, hulle sê mos hulle moet net hul tandeborsel en pantoffels bring, dan slaap hulle sommer daar. Maar daarin steek daar ook geen waarheid nie.

En as die personeel geweet het wat wag, het hulle ook uitgetrek.

Maar, om darem gebalanseerd, billik en waarheidsgetrou te kan rapporteer: selfs die bouers het nie besef wat wag nie.

Want toe hulle aan ons statige dame begin kap, toe gooi sy al wat fatsoenlikheid is af, en wikkel daar in haar rousteen-glorie.

Die assesseerders het gemeen hulle gaan 'n sekere hoeveelheid pleister moet afkap waar die mure tekens van "fatigue" getoon het. Maar toe hulle begin kap, toe val alles sommer af. En nie hoe nie, dit wys toe ons gebou het eintlik net op die TLC van sy gebruikers staande gebly.



Want toe die pleister waai, toe wys die krake - sommige plekke kon jy jou hand insteek so wyd was dit.

En onthou, dis rousteen, nie baksteen nie. Ongebakte stene dus. Wat blykbaar sommer met die klei uit die leivoor opmekaar gemessel is, want as jy naby gekyk het, kon jy die grasssprietjies en stokkies in die klei sien. S'true.

Huis Protea, soos sy lank, en plek-plek steeds, bekend is, staan al meer as 'n eeu aan Crozierstraat. 'n Jaar of wat jonger as haar Victoriaanse susters wat net langs haar staan, en waarvan die jaartal as die einde van die 1890's aangedui word, is ons rits geboue ook bekend as die "Universiteitshuise". En as Onderhoud se manne hier aankom, dan hoor ons hulle praat van die "Trein".

Joernalistiek is al sedert einde 1977 in die gebou, toe voorberei is vir die eerste klas se inname in Februarie die volgende jaar. Ons departement het letterlik met 'n knal begin, toe 'n ontploffing byna noodlottige gevolge vir 'n werker gehad het. En die eerste professor legendaries



uitgeroep het "Bel Die Burger!", maar dit darem opgevolg het "En 'n ambulans!"

As Protea vir die voorafgaande driekwarteeu besig was - sy was in 'n stadium 'n losieshuis vir studente - het dit sedertdien gegons. Maar miskien is dit goed dat sy nie al haar geheime verklap nie. Daar is dalk net 'n paar oud-studente wat daarop sal aandring dat die gedeelte oor hul eskapades uit konteks aangehaal word.

Ons pragtige gebou is nou 'n *nuwe* ou gebou. Crozierstraat 26 het 'n tweede asem gekry. Die rekenaars neurie in die nuuskantoor soos wat die tikmasjiene destyds gekletter het. Studente is nog steeds kampioene as dit by *moan* kom. En nou, met lentetyd, kreun die lukwartboom in die agtertuin met haar vrag goue vruggies, met honger studente wat teetyd steeds soos 'n klomp spreeus aan haar takke hang.

Vir diegene wat wil kom kuier: wees welkom. Protea, Crozierstraat 26, die Departement Joernalistiek, wag julle in in 'n blinknuwe voorkoms.

*Lizette Rabe*

## Van die alumni-koördineerder

Dit wil voorkom asof *Janus 3* meer alumni bereik het as die eerste uitgawe. Elke uitgawe word volgens 'n bestaande verspreidingslys uitgestuur – maak asseblief seker dat ons jou nuutste inligting het. Verder word daar gepoog om op spesifieke temas te fokus (hierdie een: alumni versprei oor die aardbol en tokkelokke en Crozierstraat – nie almal reageer op versoeke nie, maar bydraes word met dank ontvang.

*Leona Amoraal*

## IN HIERDIE UITGAWE

Marita van der Vyver uit Frankryk 3
Roline van Zyl uit China 4-5
Cobus Heyl uit Kenia 10-12
Van die kweekskool tot Crozierstraat 7-8
Sangers van Crozierstraat 6

KLAS VAN 1979

# Uitvoerende hoof van KFO




As tweedejaar musiekstudent het ek op aandrang van skoolklasmaat Etienne van Heerden begin om musiekrubrieke vir *Eikestadnuus* te skryf en toe ek deel van prof Piet Cillié se tweede groep joernalistiekstudente geword het, was ek ook hoofredakteur van *Die Matie*. Begin my loopbaan by Die Burger (Irna, Rachelle, Marita, Christelle ... lyk my ons het maar destyds almal by Naspers begin!) en word gaandeweg deel van die Kunsredaksie. In 1983/84 kry ek 'n nagraadse studiebeurs van die Rotarier Stigting en doen my meestersgraad in Joernalistiek aan die Universiteit van Missouri in Columbia, die oudste Joernalistiekeskool in die wêreld. Keer terug na *Die Burger* en sluit in 1988 by Irna van Zyl aan as assistent-redakteur van *De Kat*. In 1991 kom ek terug Kaap toe as Direkteur van die Oude Meester Stigting vir die Uitvoerende Kunste op Stellenbosch. Aan die einde van 2000 word ek die Uitvoerende Hoof van die Kaapse Filharmoniese Orkes, waar ek nog steeds is. Ek staan nog met een voet in die joernalistiek ... het nog 'n musiekrubriek in *Die Burger* en skryf gereeld artikels en so meer. Was nog altyd met een voet in die musiek en 'n ander in die joernalistiek ... en so sal dit sekerlik bly, ten spyte van al die bestuurs- en sakevernuf wat my huidige posisie benodig. Ek het onlangs (bloot vir die nuuskierigheid, natuurlik) 'n uitgebreide aanlegstoets via 'n Amerikaanse Instituut gedoen. Die uitslag was nie 'n verrassing nie: "Journalism and Writing" met 'n subkategorie "Technical Writing". Dis presies waar ek myself bevind. Maak mens die regte keuses, of word die regte keuses vir jou gemaak?

*Louis Heyneman*

# Constant Steyn van *Volksblad*

Een van die snaaksste insidente van my jaar in die joernalistiekklas, het nogal met ons tik-klasse te make! En die toneel het hom 'n hele paar keer herhaal. Ek en Niel du Bois het langs mekaar gesit. Wanneer tikjuffrou Amoraal ons 'n tiktoets laat doen het, het ek en Niel so stilletjies moontlik 'n reëltjie of wat vooruit "gesteel" sodat ons darem 'n (natuurlik skelm en onregverdige) voorsprong kon kry bo die vinniger tikkers in die klas. Ongelukkig het dit veral vir Niel weinig gehelp. Op die bevel "Begin!" het hy so verwoed weggespring dat die letter-armpies (weet nie wat noem 'n mens daardie goed nie!) erg verstrengel geraak het. Ná die gesukkel om die goed weer los te kry, was die voorsprong wat hy opgebou het, lankal daarmee heen....

Ek dink my hopelose Engels het ook vir heelwat snaakse oomblikke gesorg. (Michèle Alexander sal sekerlik onthou van die onderhoud wat sy met my moes voer, of ek met haar - kan nie lekker onthou nie.)



Ek het in 1980 by *Vaalweekblad* op Vanderbijlpark ingeval, saam met 1979-klasmaat Alex Barnard. My vyf jaar daar was 'n goeie leerskool - het letterlik alles gedoen: was verslaggewer-fotograaf, sportskrywer, motorskrywer en later subredakteur. In April 1985 het ek by *Volksblad* in Bloemfontein as verslaggewer begin werk. Ek is steeds by *Volksblad* en was van Maart 1999 assistent-redakteur. In September 2004 word ek *Volksblad* se verteenwoordiger in die Interface24-projekspan wat die oorskakeling van Media24 se koerante na die Eidos-publikasiestelsel beplan en deurvoer. Was sedert vroeg 2005 lid van die span opleiers wat *Son* en *Die Burger* se redaksielede vir die nuwe stelsel opgelei het. Is nou besig om *Volksblad* se oorskakeling na genoemde stelsel te beplan en te koördineer.

Is tans lid van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie se advieskomitee oor BTech, MTech en DTech in Taalpraktyk. Is as hoofredaksielid onder meer taalredakteur.

Ek is in 1988 met Hester Loubser getroud. Tans is sy medeprofessor en programdirekteur Verbruikerswetenskap aan die Universiteit van die Vrystaat. Ons het twee dogters, Sanet (graad 9) en Constanze (graad 8). Sanet wil ook graag joernalis word en is reeds redakteur van haar skool se koerant.

Ns. Ek het in die April-skoolvakansie gou by Protea kom inloer. Ek hou nogal van daardie solder-werkplek!

## †Patricia McMagh (1912-2005)

Dr McMagh, wie se verbintenis met Stellenbosch van 1946 dateer, is op 19 September, knap voor haar 93ste verjaardag, aan 'n hartaanval in Avondrust, Nuweland, oorlede.

As student het sy 'n noue verbintenis gehad met prof G G Cillié, ouddosent in opvoedkundige filosofie, en sy broer, prof Piet Cillié. In haar ongepubliseerde outobiografie wat sy in 1986 voltooi het, verwys sy met agting na die Cillié-broers en hoe gesprekke met hulle haar tot 'n diepe insig in die psige van die Afrikaner en sy strewes gelei het.

Nadat sy die graad MEd met hoogste lof behaal het, het sy 'n oorsese studiebeurs aan die Universiteit van Londen gestudeer. Sy het in 1949 die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat 'n doktorsgraad in die opvoedkunde verwerf het. Daarna het sy aan die Universiteit van Stellenbosch Engels, as tweede taal, aan onderwysstudente gedoseer. Sy het haar beywer om veral die probleme wat Afrikaanssprekendes met Engels het, op te los. Hiervoor het sy spesiale handleidings geskryf en is sy as wêreldkundige gerespekteer.



**Dr Pat was in 1978 verbonde aan die departement**

As Matie-student het sy haar daarvoor beywer dat graduandi akademiese drag by gradeplegtighede dra. Haar eerste verslag en pleidooi hiervoor, terwyl sy lid van die studenteraad was, is afgeskiet. Maar nadat sy en 'n medestudent, Andrew Murray, besluit het om met die toekenning van hul grade 'n toga te dra, het die gebruik die jaar daarna 'n instelling geword.

*Die Burger, 8 Oktober 2005 - artikel geskryf deur Amanda Botha*

# Afrikaners is plesierig – selfs in Provence

Volgens hardnekkige gerugte bedryf ek deesdae ’n gastehuis op die Franse platteland, in die sonnige suide, tussen wingerde en olyfboorde. Ek word gereeld gekontak deur geesdriftige Suid-Afrikaners wat ’n nag of twee in my ‘B & B’ wil kom bly.

Laat ek dit dus duidelik stel, eens en vir altyd. Ek het nie ’n gastehuis nie, ek verskaf nie ontbyt aan vreemdelinge nie, ek het nie genoeg tyd of energie om ander mense se beddens op te maak nie. Baie dae kry ek nie eens kans om my eie op te maak nie.

Wat ek wel het, is ’n klein studio langs ons huis, in ’n gerestoureerde waenhuis, wat toeriste per week kan huur. Waar hulle hulle eie beddens kan opmaak – of onopgemaak kan los, as hulle wil, waarom nie – en hulle eie kos kan maak. ’n Selfsorgwoonstel, soos dit in die gasvryheidsbedryf genoem word.

Anders gestel, die luiaard se manier om daardie befaamde bedryf te betree.

Ons het dit gedoen bloot om ons te help om die banklening op ons bejaarde kliphuis af te betaal. Nie juis borrelend van geesdrif nie, nie lus om dwarsdeur die somerseisoen te glimlag vir gaste wat ons van g’n kant af ken nie, taamlik benoud oor die uitwerking op ons gesinslewe. (Sal ons nog uit volle bors op mekaar kan skreeu en ongeïnhibeerd aan etenstafel kan baklei?) En nou, drie jaar en dosyne gaste later, moet ek erken die proses was tot dusver een van veel vreugde en min verdriet. En wat dit ook al verder is, dis beslis nooit vervelig nie.

Die grootste frustrasie is, soos altyd, die Franse administrasie. Iewers agter ’n vaal lessenaar sit vermoedelik ’n vaal amptenaar wie se vernaamste taak dit is om elke maand nuwe maniere uit te dink om toeriste van Afrika te ontmoedig om Frankryk toe te kom. Dit word al hoe moeiliker vir Suid-Afrikaners om in Frankryk toegelaat te word as hulle nie vooraf verslag kan lewer van presies waar, hoe en hoe laat hulle elke nag sal gaan slaap nie – met dokumentêre bewyse soos bevestiging van besprekings, kwitansies en stempels van munisipaliteite, getuigskrifte van gashere en allerhande ander nare papiere. En aangesien 90 persent van ons studio se huurders Suid-Afrikaners is, beteken dit dat ons papierwerk by die maand meer word.

Aan die einde van elke seisoen, wanneer die salige winterstilte aanbreek, heroorweeg ons dus ons opsies, soos hulle dit in die sakewêreld stel. Dit sal waarskynlik heelwat makliker wees om die studio eenvoudig op die lang duur te verhuur, aan ’n betroubare Franse burger wat hier in die omgewing werk eerder as aan ’n spul toeriste wat elke week verander. Dink net, sê ek vir my Franse man, dan hoef ek nooit weer beddegoed te was en te stryk vir mense wat ek nie ken nie, nooit weer Franse frases vir vreemdelinge te vertaal nie, nooit weer die glorie en die geheime van die Provençaalse kookkuns aan onbekendes te probeer openbaar nie.

Dink net, sê my man dan vir my, wat gaan van jou word sonder die volkoringbeskuit en Suid-Afrikaanse tydskrifte en al die ander *local is lekker*-dinge wat onbekende Suid-Afrikaners so gereeld vir jou aandra. En hy is mal daaroor om vir Afrikaanse gaste te kook, verseker hy my. ‘Julle is so ordentlik! Julle hou nooit op om asseblief en dankie te sê nie!’ En ons moet albei erken dat ons soms skandalig salig kuier saam met gaste wat ons eintlik van g’n kant af ken nie.

Soos die vier vroue van die Oos-Kaap en Bloemfontein wat onlangs ‘n veertigste verjaardag in Provence kom vier het. Hulle het hulle tafeltjie saans letterlik in die straat voor die huis gedek, kerse aangesteek vir die atmosfeer, en tot vroegoggend vir ons en ons bure vermaak met outydse Afrikaanse liedjies. Gelukkig is ons bure óf doof óf gaaf. Niemand het ooit gekla nie.

En dan herinner my man my weer aan die groep uit Saoedi-Arabië en Australië wat die vorige somer amper net so vrolik geraak het hier voor in die straat. En die gesin met die twee seuns uit Italië wat by ons geëet het op die aand toe ’n woeste donderstorm al die elektrisiteit op die dorp uitgeslaan het. (Dis miskien romanties om by kerslig te eet, maar dis bra moeilik om by kerslig te kook.) En tog het almal, selfs die kinders, op die ou end gesmul aan die Mediterreense *pistou*-sop wat my man so by kerslig op ’n gasplaat geprakseer het. En dan was daar die drie jong vroue van Zürich wat nooit ophou lag het nie. Al drie werk in die befaamde Switserse bankbedryf, daarom het ons verwag dat hulle, wel, minder sou lag. Meer soos bankiers sou optree.





Maar nou ja, hulle is nie werklik Switsers nie. Hulle is, soos al bogenoemde gaste, Suid-Afrikaners wat in ’n ander land woon en werk: die Midde-Ooste, Australië, Europa, net waar jy wil, sal jy deesdae Suid-Afrikaners vind. Dis omtrent die belangrikste les wat my drie jaar in die sogenaamde gasvryheidsbedryf my geleer het.

Die grootste verrassing was dat die meeste Suid-Afrikaners nogal gawe mense is. Of dalk is die beskrywing net van toepassing op dié wat die moeite doen om deur die platteland van Provence te reis, stadig per motor of per fiets van dorpie tot dorpie te kruie, met genoeg tyd vir pret langs die pad. Ek weet net dat die enigste wérklik onaangename gaste wat ons die afgelope drie jaar ontvang het, ’n rassistiese egpaar van België was.

O ja, en ’n ander keer was ons erg geskok deur die slordige toestand waarin ’n Franse egpaar die studio gelos het toe hulle die dag vertrek.

Maar met die Suid-Afrikaners het ons nie moeite nie. Gaaf sonder om familiêr of vulgêr te word, vol waardering vir die omgewing, en soos my man sê, hulle hou nooit op om asseblief en dankie te sê nie. As ons só na die saak kyk, is ek taamlik seker ek sal volgende somer weer beddegoed stryk vir vreemdelinge.
En solank hulle beskuit saambring en verder vir hulleself sorg, is dit tog ook nie te veel gevra nie, nè.

*Marita van der Vyver*
www.geocities.com/maritavandervyver

# Roline se Chinese ervaring

*Wo feichang xihuan Beijing* – ek hou baie van Beijing, waar ons gesin nou ses weke woon. Dis herfs, die beste tyd. Mans, wat in die bedompige somer die voor- en agterpante van hul hemde oprol tot onder hul kieliebakke en met blink, kaal magies op die sypaadjies loop, is nou weer geklee en sit middagetes gemaklik op hul hurke met ‘n bakkie rys in die een hand en eetstokkies in die ander.

So ’n tipiese man sal vir ’n uur op sy hurke sit en eet en dan rustig opstaan en sy driewiel straat-af trap met ’n swaar vrag waterbottels of boumateriaal agterop. Hy sal sy weg vind tussen drie bane busse, vragmotors, motors, taxi’s van alle soorte, voetgangers, bromponies, gewone tweewiel-fietse en tienduisende voetgangers in verkeer waar daar (vir ’n Westerse nuweling) skynbaar geen reëls is nie, behalwe dat almal voorrang geniet, behalwe die een wat reguit vorentoe beweeg.

Die ryery in Beijing is erg: mnr. Wen, ons drywer, het in net meer as twee weke meer as 21 000 km net in die stad gery. Hy is omtrent 18 uur per dag, sewe dae per week, op die pad. Teen die tempo gaan die bussie 500 000 km binne ‘n jaar ry.

Die boulevards in die middestad is omsoom met lanings groen bome en die middelmannetjies kleurryk in die blom met rose, hibiskusse en alle bekende eenjariges, waaronder beddings vol geel en oranje Afrikaners. Fyntuin in die openbare sfeer is ondanks min water nog die in-ding.

Die doelbewuste massas boomaanplantings tussen die sirkelpaaie wat die verskillende dele van die reuse-stad skei en die verkeersvloei (probeer) aanhelp, laat dit plek-plek tussen die nimmereindigende bouwerk van beton, staal, glas en hyskrane wat 24:7-werk, soos ’n plattelandse woud lyk.

Op ’n rit na ’n vleisfabriek buite die vyfde sirkelpad vandeesweek het ons verby hektare appel-, peer-, pruim-, perske- en appelboorde gery, almal netjies met dubbele rye populiere afgebaken.

**Herfoesmaanfees**

Die lug van hierdie erg besoedelde stad is taamlik skoon en helder na onlangse, ongewone reën en ’n dag wat die wind gewaai het. Soveel so dat ons Saterdag, 18 September, saam met miljoene ander in China tydens die herfsoesmaanfees na ’n groot, bottergeel nuwe maan kon staar, en maankoekies met gesinslede en vriende deel terwyl die feesvierende menigte buite klappers skiet. Volgens oorlewering gedenk ons met hierdie fees hoe die Mongole duisende jare gelede ’n revolusie teen Han–oorheersers wou begin met versteekte taktiese briefies in die maankoekies.

Wat oor ons eie kampong-drumpel gekom het, was geskenke in pragtige verpakkings. Tradisioneel het elke maankoekie ’n heel, effens souterige duifeiergeel in die middel omring deur ’n baie ryk, soet beslag. Gesondheidsbewuste moderne smake het tot allerlei innoverende variasies op die tema gelei.

Te oordeel na die massa-uitstallings van spesiale promosies die afgelope drie weke in supermarkte, hou die bedryf ’n klomp mense aan die lewe. Dit lyk of veral die verpakkingsbedryf ’n slag slaan.

**Chinese ekonomie**

Die Chinese mark en ontwikkeling kan hoeka nie onderskat word nie. Op ’n beleggingsaanbieding in Suid-Afrika voor ons koms hierheen het ek onder meer die volgende aangeteken:

- “Billiton verdien 10 persent van sy omset in China,
- 19 persent van die wêreld se roomys word hier verkoop, en
- 40 persent van sy sement (dit kan ons elke dag sien!)”.

’n Week gelede lees ons hoe Europese lede van die Wêreldhandelsorganisasie met China skik oor die invoer van miljoene T-hemde en ander basiese produkte wat in Europese doeane-pakhuise vasgehou is. Een van die redes? Amerikaanse








katoenverbouers moet volgende jaar nog ’n mark vir *hul* produk hê! So klein en verweef het die wêreld geword.

Die wêreld trap China se drumpel inderdaad deur. In die ses weke wat ons hier is, was hier ’n parade van leiers deur die Groot Saal van die Volk aan Tiananmen-plein – Mugabe (vir wie geld gegee is om vir sy mense kos te gee), Clinton, Blair, leiers van Taiwannese politieke partye, en verskeie van oral in Asië. Om nie te praat nie van tientalle oudstryders wat van Rusland, Amerika, Indië en Brittanje ingevlieg is om die sestigste jaar van die beëindiging van die Weerstandsoorlog teen Japannese Aggressie en die Wêreldoorlog teen Fascisme te gedenk. So verwys die Chinese media na wat ons die Tweede Wêreldoorlog noem. Altyd in hoofletters.

China is ’n ervaring in hoofletters vir ’n Suid-Afrikaner, bloot op grond van die skaal van dinge. Die land is geografies enorm, met die laaste telling het hier sowat 1.3 miljard mense gewoon – in Chongqing alleen, ’n stad aan die Jangtse in die suidweste, is daar 30 miljoen mense (die hele Suid-Afrika het 45 miljoen!),

buite die dorpie Suzhou naby Shanghai in die ooste is daar ’n nywerheidspark so groot soos ’n reuse-stad – glo die mooiste en bes ontwikkelde ter wêreld. Ons het gister verby SAB se een aanleg aan die hoofpad gery. Verdere getuienis van skaal is die Groot Muur, die Dam in die Drie Skeurvalleie van die Jangtse, die 7000 begraafde kleisoldate in Xi’an…..

**Woonplek**

Op ’n persoonlike vlak woon ons, soos meeste buitelanders, in ’n kampong aan die noordoostelike buitewyke van Beijing waar ons seun aan een van verskeie internasionale skole sy matriek gaan skryf. Die kampong is ommuur met mooi tuine en gerieflike huise en is ’n gawe mengsel van ’n Suid-Afrikaanse gholflandgoed/ Avontura-oord/voorstedelike woonbuurt en, sê my seun, die ingang na ’n Suid-Afrikaanse casino! (Hier’s spuitfonteine by die klubhuis, kompleet met veiligheidswagte in uniform en ’n valbylhek, swembaddens buite en onderdak, tennisbane waar jy kyk en ’n gholf-oefenbaan om van te droom).

Oorkant die straat, waarheen ek en my man soms op ’n Saterdagmiddag fiets om by ’n Chinese supermarkie inkope te doen, sit mans buite in die stowwerige strate en mah-jong speel, kinders spring tou en speel tennis en ma’s en pa’s ry met babas op hul fietse. Smouse verkoop op die sypaadjies groente, vrugte, rou noedels, gaar vleis, dweile en emmers tussen die fietsherstel “winkels”, wat gewoonlik bestaan uit ’n lae bankie waarop ’n man sit, omring deur fietsonderdele, ‘n blik gereedskap en ’n lang ry wagtende klante. Soos in ons townships.

Die Van Zyl-familie het in China die Feng-familie geword. Ek heet Feng Ro Lan (*soos ’n orgidee*), my seun is Feng Bo Te (*spesiale eerste seun*), my dogter Feng Ro Lin (*mooie jaspis*) en my man, Feng Xi An, sê sy naam beteken eintlik niks.

Die vrou wat ons in die huis help, heet ook Feng en sy word ’n *ayi* genoem deur almal. Ayi Feng is volledig in beheer van die huishouding, kos, foon en voordeur. Sy was in die kombuis toe my seun op ons eerste dag in die huis sy vinger met ’n nuwe mes gesny het. Sy’t terstond op haar fiets gespring, straat-af gespoed en teruggekeer met ’n Chinese poeier-brousel wat kort tevore in oorloë en gevegte gebruik is vir soldate met koeël- en swaardwonde en wat met louwarm water of wyn (!) gedrink moes word, maar wat sy sommer net so op sy vinger omgekeer het – alles voor ek nog bewus geraak het van die ongeluk en die onderste verdieping kon haal met my magtelose bondeltjie watte – al noodhulp wat ek by my gehad het. Ek hanteer haar met groot respek.

**Chinese taxi’s**

Vir ’n buitelander is Beijing se taxi-bestuurders intimiderend, eenvoudig omdat hulle nie ’n woord Engels kan praat nie en sonder uitsondering nie weet waar die plek is waar jy wil wees nie, al gee jy hom ’n besigheidskaartjie met die Chinese adres en ’n padkaart in Chinees. Dis nog net die Italiaanse kaartjieverkoper op Florence se stasie in die vroeë jare tagtig wat vergelykbaar onbehulpsaam was! (Maar hom kon ek op die ou end met Latyn 1 en baie lyftaal sover kry om twee retoerkaartjies na Pisa te verkoop.)

Om dus die Wenyurivier in die noordoostelike Shunyi-distrik in ’n Y1.60-taxi oor te steek met Les 3 Algemeen Beskaafde Mandaryns, is ’n onherroeplike stap. Die rede waarom mens so ’n reis aanpak is eenvoudig om by Pinnacle Plaza uit te kom. Dit is naamlik ’n kleinhandelsentrum waar min of meer alle noodsaaklike produkte en dienste verhandel word. As jy nie elke keer ’n dagreis na een van die vier windrigtings aan een van die sirkelpaaie in die stad wil onderneem om ’n aartappelskiller of waslap of naellakverwyder of ’n tang of skroef te koop nie, moet jy weet hoe om by PP uit te kom. Daar’s die supermark Jenny







Lou’s, ’n kleremaakster, skoenmaker, supermark, kwekerytjie, Starbucks, ’n pizzeria, prentraammaker, ’n restaurant wat Thaise kos maak, ’n skone slaapster wat breekware verkoop as jy haar sover kan kry om haar oorfone te verwyder, Ruby die stoffeerder, ’n rekenaartoebehorewinkel en, les bes, ’n kliniek van die Beijing United Family Clinic. (Goeie diens, ons het verneem ons moet nog ingespuit word teen hondsdolheid, klem-in-die-kaak, ’n alfabet van hepatitis en Japannese muskiete.)

Na Les 6 AB Mandaryns is ek nou ’n assertiewe taxi-passasier wat kan groet, na die bot taxi-bestuurder se welstand verneem, verduidelik dat ek in Beijing woon, van Suid-Afrika kom en beslis nie van Amerika nie (‘n groot plus), en boonop hotagter en haarvoor kan beduie, mits ek weet waarheen ek op pad is, wat nie dikwels is nie.

**Tuindienste**

Tuindienste, kom ons agter, is ’n hoogs gespesialiseerde saak. Daar is ’n vriendelike jong vrou wat een keer per week met haar driewiel voor die huis kom stop, en die tuintjie met ’n rol dik tuinslange kom natlei wat sy by ’n groot kraan in die muur aan die kant van die huis inprop. Dan kom daar op ’n ander dag ’n man met ’n driewiel vol blou spuitkanne en hy spuit die bome en grasperk en rankrose teen die muur teen peste. Op ’n derde dag kom hier ’n meisie met ’n grafie en vurkie en krap ’n bietjie hier en daar in die grond – dit is die onkruidverwyderaar. Dag 4 is hier weer iemand anders met ’n driewiel waarop snoeiskêre aangery word – sy snoei ’n bietjie aan ’n paar takke en uitloopsels. En dan is daar ’n man wat ’n grassnyer op sy driewiel vervoer en so elke twee weke kom gras sny.

Môre is dit Les 7 AB Mandaryns en ek moet nog die dae van die week en maande se name leer. Tel darem al my geld in Chinees uit, vra vir afslag en maak beswaar as dinge te duur is!

Zaijian! (Wederom!)

*Roline Hepburn*

Joernalistiek se sangers

# Sabina Mossolow



Twee-en twintig jaar nadat ek my Honneursgraad in Joernalistiek verwerf het, is die musiekwêreld die afgelope twintig jaar maar my voorland.

Na twee jaar as joernalis vir die Direktoraat Natuurbewaring en Toerisme in Windhoek, het ek weer Matie geword en 'n Hoër Lisensiaat in Musiekvoordrag in sang en my Honneursgraad in Musiek verwerf. Daarna is ek na Freiburg, Duitsland, waar ek aan die *Staatliche Hochschule für Musik* die diploma *Künstlerische Reifeprüfung* verwerf het. Nog voor ek my studies voltooi het, is ek 'n kontrak by die Freiburg Munisipale Teater aangebied, waar ek drie jaar as solis gesing het.

Aangesien ek nooit tevore in 'n opera gesing het nie en net basiese operaskoolopleiding gehad het, is ek maar in die diep kant ingegooi, sommer ook met 'n vuurdoop hier en daar. In my eerste jaar het ek feitlik elke derde aand op die verhoog gestaan in ses verskillende rolle wat ek daardie seisoen aangeleer het.

Ek sal drie besonder senutergende aande op die verhoog nooit vergeet nie: Nadat ek skaars drie maande opera gesing het, is ek gesmeek om op vier-en-twintig uur kennisgewing in te staan in die rol van Micaëla in Bizet se *Carmen*. (Aangesien daar reeds 'n dubbele besetting vir die rol bestaan het, het ek besluit om die rol in Frans maar self in te studeer, vir "in geval", en het dit dus geken, maar nooit volledig gesing nie.) Daardie aand het ek die rol vir die eerste keer gesing! Dit was Tweede Kersdag en onmoontlik om 'n plaasvervanger van elders te verkry.

'n Maand later is ek gevra of ek die rol van Fiordiligi in Mozart se *Così fan tutte* op openingsaand sou kon sing, indien die oorspronklike sangeres ongesteld was. Ek het die rol toe in 'n week se tyd uit my kop geleer en dit wel op 'n latere stadium gesing, sonder enige vorige orkesrepetisies.

My roldebuut as Violetta in Verdi se *La Traviata* het ook sonder enige vorige orkesrepetisie gesing. Dit was later die rol wat ek die meeste in my operaloopbaan gesing het.

Ná nege jaar in Europa het ek in die tweede helfde van 1996 weer na Suid-Afrika teruggekeer as vryskutsangeres, nie 'n maklike taak nie. Sedertdien het ek my maar op die liedsang toegespits, 'n musikale kleinkuns wat my na aan die hart lê. In 2003 het ek toe my Meestergraad in Musiek verwerf met 'n tesis oor die sangloopbaan van Nellie du Toit, wat sedert my studiejare my leermeesteres was en steeds is. Deesdae "boer" ek nog steeds "luidkeels" by my klavier – en my rekenaar. (Nie dat ek juis my eie resensies skryf nie, dit laat ek maar oor aan Gottfried Maas, my "buurman"-klasmaat – maar die joernalistieke agtergrond is nogal handig om programnotas te skryf!). Vir afleiding boer ek met organiese groente en kruie in my tuin. Ek wag in spanning op die dag wanneer ek uiteindelik op 'n Suid-Afrikaanse operaverhoog toegelaat word.

*Sabina Mossolow*

## Die ander twee prima-donnas



'n Mens kan sê dat **Charlene Truter** van 'n vroeë ouderdom af geweet het wat sy wou wees, veral as jy na haar luister as sy sing. Maar, alles het eers op Universiteit begin, waar sy vanaf 1995 tot 1999 klassieke sang by die Stellenbosch Konservatorium geneem het, onder leiding van Magdalena Oosthuizen. Sy was ook 'n lid van die Stellenbosch Libertaskoor vanaf 1996 tot 1999. In 2002 het sy 'n solo-vertoning saam met die begeleier Bram Potgieter gedoen by die Zuid-Afrikaanse Fees in Vlaandere. (www.pasella.com)

Charlene was in die klas van 1999 en het in April vanjaar haar MPhil in Media-etiek behaal. Sy is tans 'n huishoudelike naam en is besig om 'n sangloopbaan te vestig – haar genre is Afrikaanse musiek.



**Birgit Ottermann** was in die klas van 1996. Sy het onder meer sanglesse by Magadalena Oosthuizen (US) en Sarita Stern (UK) geneem. Sy is tans in Engeland en hoop om, wanneer sy terugkom, 'n loopbaan in beide joernalistiek en musiek te kombineer

### *Opedag 2005*

Met die jaarlikse opedag van die universiteit het **Charlene Truter** die departement se reklame behartig. Dit was vir al die leerders 'n voorreg om dié bekende gesig van die departement te sien.




**Chantal Rutter** (well-known e-tv personality) obtained an MPhil in Journalism and has embarked on a new career as a Strategic Communications Constultant – contact her at chantalr@telkomsa.net



